

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



AUGUSTUS
2017

MIKOTOKSIEN impak op dieregesondheid

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees binne:

04

Ontmoet ons Boer van
die Jaar genomineerdes
vir 2017 (Deel 2)



Soortgelyk aan hul invloed op menslike gesondheid, is dit bekend dat mikotoksiene baie dieresiektes (miotoksikoses) en negatiewe gesondheidseffekte veroorsaak. Hierdie faktore het ook 'n ernstige uitwerking op die ekonomie van vee- en veevoer handel.

Al die mikotoksiene wat belangrik is by menslike gesondheid (aflatoksien, fumonisien, deoksynivalenol, zearalenon en ochratoksien A) is ook belangrik by dieregesondheid, maar hul siekte effek verskil baie van menslike simptome, so-

wel as tussen verskillende diersoorte (**Tabel 2**). Diere in landbou en huishoudelike diere (katte, honde, ensovoorts) kan aan mikotoksiene blootgestel word deur middel van verwerkte voerstowwe wat besmette graan of ander landbou neweprodukte bevat, of deur weiding, of besmette voer, uitskot mieliekoppe, besmette graanstengels en hooi in die veld. Ander diere mikotoksikoses en hul geassosieerde swamme, wat dikwels met weiding in Suid-Afrika geassosieer word, is: Ergotisme (*Claviceps*-spesies); Stachybotryotoxicosis (*Stachybotrys*);



Mikotoksien impak op dieregesondheid

Tabel 1: Amerikaanse Voedsel en Medisyne Administrasie (FDA) se riglynvlakke vir totale Fumonisien en Deoxynivalenol by dierevoere.

	Dierespesies	Voerb Bestanddele en gedeelte van dieet	Vlakke in mielies en mielie by-produkte	Vlakke in volledige voere
(FB)Fumonisien	Perde, donkies en hase	Mielies en mielie by-produkte mag nie 20% van die dieet oorskry nie	5 ppm	1 ppm
	Varke en babers	Mielies en mielie by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	20 ppm	10 ppm
	Teelherkouers, teelpluimvee*	Mielies en mielie by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	30 ppm	15 ppm
	Herkouers drie maande en ouer grootgemaak vir slag	Mielies en mielie by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	60 ppm	30 ppm
	Pluimvee grootgemaak vir slag	Mielies en mielie by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	100 ppm	50 ppm
Deoxynivalenol (DON)	Alle ander spesies of lewendehawe klasse asook troeteldiere	Mielies en mielie by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	10 ppm	5 ppm
	Herkouer vleis en voerkraal beeste ouer as vier maande	Graan en graan by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	10 ppm	5 ppm
	Kuikens	Graan en graan by-produkte mag nie 50% van die dieet oorskry nie	10 ppm	5 ppm
	Varke	Graan en graan by-produkte mag nie 20% van die dieet oorskry nie	5 ppm	1 ppm
	Alle ander diere	Graan en graan by-produkte mag nie 40% van die dieet oorskry nie	5 ppm	2 ppm

*Sluit lakterende melkbeeste en henne in wat eiers vir menslike verbruik bevat; dpm = dele per miljoen; Geen FDA (Amerikaanse Voedsel en Medisyne Administrasie) riglyne beskikbaar vir Zearalenone

OUMA JANE SÊ...

Die nuwe seisoen kom nou nader en jy sal begin beplan. Boerdery is anders as ander besighede, aangesien jy elke jaar weer moet begin (amper van nuuts af). Waar jy verlede jaar jou oes gehad het, sal nou brak lê (hopelik met 'n bietjie reste op die land) en is gereed vir die eerste somerreëns wat jou toelaat om voorbereidings vir die komende seisoen te begin.

Baie mense het verlede jaar 'n baie goeie oes gehad. Hierdie jaar is weer 'n nuwe begin en as jy weer suksesvol wil wees, moet jy alles weer reg doen. Onthou om die regte hoeveelheid van die regte kunsmis, die mees geskikte variëteit saad vir jou area te koop en die oorlog teen onkruid sal nooit verby wees nie. Dit is 'n baie belangrike tyd in jou gewas produksieseisoen, aangesien die besluite wat jy nou maak, 'n groot impak op die oes sal hê. Probeer om die regte besluit te neem, selfs al beteken dit meer werk vir jou en moontlik meer koste. Jy moet beloon word vir jou verhoogde belegging.

Om 'n baie goeie mielieoes te hê, is goed vir baie redes – jou huishouding het kos, jy kan die surplus verkoop en ook die vee wat jy aanhou, kan beter gevoer word. Jy sal egter kennis neem dat wanneer daar 'n baie groot oes is, die prys daal – dit is die gevolg van 'vraag en aanbod'. Indien iets skaars is, is mense bereid om meer daarvoor te betaal – indien daar 'n surplus is, val die prys omdat nie baie mense dit nodig het nie (hulle kan dit iewers anders koop). Ons kan goeie lesse hieruit leer – bou 'n verhouding met jou plaaslike mark, lewer altyd die beste gehalte, onderhandel pryse vroeg in die seisoen (indien moontlik) en kyk ook na alternatiewe gewasse. Droëbone is dikwels 'n baie goeie opsie vir kleiner boere, want daar is altyd 'n goeie aanvraag vir bone en die prys is goed. Hou in gedagte dat verbruikers 'n verskeidenheid kosse benodig en jy kan 'n verskeidenheid aan hulle verskaf.

Terwyl dit stil is op die plaas, sal dit goed wees as jy opleidingskursusse en studiegroepbyeenkomste bywoon sodat jy inligting kan kry – hoe meer jy weet, hoe beter sal jy doen! Ons wens jou 'n geseënde seisoen toe. 🌱

gesigsekseem (Pithomyces); Lupinose (Phomopsis); endioplodiose (Stenocarpel-laspesies).

In die Suid-Afrikaanse meliemaalbedryf word die gemaalde "semel" fraksie wyd in dierevoeding gebruik en bevat die hoogste vlakke van mikotoksiene van al die verskillende maalfraksies. Wanneer hoogs besmette mieliehoeveelhede gemaal word, kan die gevolglike "semel" fraksies tot ernstige gesondheidseffekte by diere lei, indien dit nie met ander minder besmette hoeveelhede of ander grond-

stowwe gemeng word nie. In baie gevalle word die goedkoopste en mees besmette materiaal in dierevoedsel gebruik, in die hoop dat geen siektetoestande opgemerk sal word nie, veral as geen mikotoksien toetse op rou grondstowwe gedoen is nie, soos goedkoop ingevoerde graan. Dit het dikwels tot skielike dierevrektes gelei in produkte soos verwerkte hondekos.

Diere wat aan besmette voer blootgestel word, kan lei tot akute of chroniese siektes, wat die produktiwiteit van lewendehawe sal beïnvloed. In sommige gevalle is siekte-

simptome en -effekte verborge en kan dit eers oortyd na vore kom deur veranderende groeipatrone, verminderde produksie en voortplanting, asook verhoogde vatbaarheid vir ander aansteeklike siektes. Die gelyktydige voorkoms van verskillende mikotoksien by volledige voermengsels (verskillende groepe grondstowwe wat gemeng is om 'n finale produk te produseer) is 'n groot bekommernis, aangesien dit addisionele effekte kan uitoefen wat die diagnose van spesifieke mikotoksikose bemoeilik.

Lewendehawe wat die meeste kwesbaar is vir mikotoksien, is varke vir deoxynivalenol en perde vir fumonisien, terwyl die gelyktydige voorkoms van hierdie twee mikotoksien selfs meer ernstige gevolge vir albei dié diersoorte

sou hê. Die aanduidingsvlakke wat deur die Amerikaanse Voedsel en Medisyne Administrasie (*Food and Drug Administration*) (*FDA*) vir fumonisien en deoxynivalenol ingestel word, word wêreldwyd aanvaar, asook in die Suid-Afrikaanse veevoerbedryf om vee teen mikotoksien risiko's te beskerm (opgesom in **Tabel 1**).

In ons volgende en laaste artikel in hierdie reeks sal ons fokus op metodes om die blootstelling aan mikotoksien by mens en diere te verminder. Daar is egter in verskeie gevalle gevind dat die vinnigste en beste manier om baie siektesituasies te hanteer, is om dadelik enige suspisieuse voedsel van die betrokke diere se dieet te onttrek, of die diere te verwyder van 'n land wat besmette voer of oorblywende mieliekoppe kan bevat.

Aangesien dit onmoontlik is om elke mikotoksien probleem volledig in hierdie artikel te hanteer, word aanbeveel dat jy óf 'n veearts, óf 'n voorligtingsbeampte, óf die skrywers van hierdie artikel raadpleeg om meer inligting te verkry oor spesifieke dieresiektes en simptome wat met mikotoksien verbind kan word.

Artikel verskaf deur HM Burger en P Rheeder, Mikotosinologiese xikologie en Chemie-voorkomingsnavorsingsgroep, Instituut vir Biomediese en Mikrobiële Biotegnologie (IBMB), Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (CPUT). Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Burgerh@cput.ac.za of RheederJP@cput.ac.za.

Tabel 2: Opsomming van vyf belangrike mikotoksien en hulle effek op dieregesondheid.

Mikotoksien	Geassosieerde diere	Dieresiektes en gesondheidsimpak
(AF)Aflatoksien	- Voëls: Eend, kalkoen, fisant, klein kuikentjies, volwasse hoenders, kwartels - Soogdiere: Klein varkies, dragtige sê, honde, kalwers, volwasse beeste, skape, katte, apies - Visse - Laboratorium diere	- Verhoogde sterftes by lewendehawe - Akute hepatitis - Lewersikrose en kanker - Verdwerging - Immuniteitsonderdrukking - Genotoksies en Karsinogenies
A (OTA) Ochratoksien	- Varke - Honde - Laboratorium knaagdiere (rotte, muise)	- Nekrose van die nierbuisies en periportale lewerselle - Nefritis karsinogenies - Nefrotoksies, teratogeniese- - Immunotoksies en moontlik neurotoksies
Deoxynivalenol (DON)	- Varke - Beeste - Hoenders - Kalkoen - Perd - Hond - Kat - Laboratorium knaagdiere	- Akute gastro-intestinale effekte - Immuno-modulasie - Verdwergde groei - Reproduktiewe steurnisse - Immunotoksies - Hematotoksies - Voerweiering (Eetlusgebrek) en gewigsverlies
Zearalenone (ZEA)	- Varke - Melkbeeste - Hoenders - Kalkoen - Lammertjies - Laboratorium knaagdiere - Marmot	- Genitale (geslags) en reproductiewe steurnisse - Dien as nie-steriodale estrogeen - Moontlike verlaagde vrugbaarheid (endokriene steurnis)
(FB) Fumonisien	- Perd, donkie - Varke - Laboratorium diere	- Perde leucoencephalomalacia - Varklongedeem - Nier, lewer toksikose (vergiftiging) en kankers

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*The real opportunity for success lies within
the person and not in the job.*

~ Zig Ziglar


Ontmoet ons genomineerdes vir 2017 (Deel 2)

In die Julie uitgawe van Pula Imvula, het ons die Bestaansboer en Kleinboer genomineerdes van die 2017 Graan SA Ontwikkelende Boer van die Jaar kompetisie bekendgestel. In hierdie uitgawe sal ons fokus op die Potensiële Nuwe Era en Nuwe Era genomineerdes.

Gedurende September sal ons bekendmaak wie die twaalf finaliste is en in November word die vier weners aangekondig.

“*It isn't the farm that makes the farmer – it's the love, hard work and character.*
– Unknown

Nuwe Era Kommersiële genomineerdes



Moferefere Jacob Komako – Vrystaat

Vir Jacob is boerdery dit waarmee hy grootgeword het. Hy geniet die reuke en klanke van boerdery en al het sy lewe hom aanvanklik in ander rigtings geneem, was dit altyd onvermydelik dat hierdie 69 jarige man sou terugkeer na die grond waarvoor hy so lief is.

Hy het skoolgegaan op die plaas waar sy ouers as plaaswerkers gewerk het en na voltooiing van Graad 4 is hy gesê dat tyd vir speel verby was en dat hy by die werksmag moes aansluit. Na omtrent 15 jaar het Jakob die plaas verlaat op soek na 'n beter lewe.

Hy het gewerk van baksteenmaker tot eienaar van 'n kuierplek, maar uiteindelik kon hy

in 1991 terugkeer na landbou. Hierdie keer nie as arbeider nie, maar as plaaseienaar van die plaas Driefontein. Hy het die plaas gekoop met 'n lening van die Land Bank, maar hy het gou besef dat dit sonder die nodige aanvangskapitaal en meganisasie, altyd 'n opdraande stryd sou wees.

Na jare van sukkel en wanopvatting, het Jacob Johan Kriel van Graan SA ontmoet en begin om studiegroepvergaderings en opleidingskursusse by te woon. Graan SA het sy oë oopgemaak en hy weet nou dat hy nie op die Sotho manier moet plant nie, maar op die regte manier. Hierdie seisoen het hy 220 ha droëland mielies, 150 ha droëbone en 20 ha Reid mielies aangeplant en sien uit na 'n baie goeie oes.

Jacob is van mening dat die houding van wit boere in Suid-Afrika verbeter het en hy glo dat Graan SA iets daarmee te doen het.



Remember Wiseman Mthethwa – KwaZulu-Natal

In 1984 het Remember begin werk vir die DNC mynmaatskappy op die plaas Lilly Dale. Hy het hoofsaaklik met masjinerie gewerk en dit was hier waar sy belangstelling in landbou ontstaan het.

Hy het begin om sy vrye tyd en spaargeld te belê in die verbouing van gewasse en die koop van vee, met die droom om eendag sy eie plaas te

besit. Hierdie droom het waar geword, aangesien hy nou 662 ha van die plaas Milindale besit en 150 ha privaatgrond naby Dannhauser huur.

Remember het reeds in 2014 van Graan SA gehoor, maar het eers in 2015 aangesluit en is 'n aktiewe lid van die Newcastle B29 Studiegroep, met Chris de Jager as mentor.

Hierdie seisoen het hy 55 ha Reid mielies geplant en wil groei en 'n suksesvolle megakommersiële boer word. Hy hou daarvan om sy kennis te deel en ander mense te inspireer om ook by landbou betrokke te raak.



Simon Sello Teffo – Gauteng

Simon se belangstelling in landbou het begin toe hy as 'n klein seuntjie sy pa gehelp het op hul bestaansboerdery plaas op Hammanskraal. Simon was egter 'n slim man en na Graad 12 het hy Siviele Ingenieurswese aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie gestudeer. Hy het jare lank in hierdie beroep gewerk totdat die grond hom in 2006 teruggeroep het.

Hy het die plaas Doornfontein in die Randfontein-distrik van die Departement van Landbou ontvang en het eers probeer om deelyds te boer, maar het gou besef dat boerdery 'n ernstige onderneming is en sy voltydse aandag nodig het.

Nadat hy Jane McPherson in 2014 ontmoet het, het Simon aangesluit as lid van Graan SA. Kort daarna is hy as voorsitter van die Randfontein 28 Studiegroep verkies. Hy het twee jaar gelede begin met die aanplant van 120 ha mielies en het geweldige groei getoon deur ongeveer 535 ha hierdie seisoen aan te plant. Simon plant droëland mielies en sy opbrengs vergelyk goed met dié van die kommersiële boere om hom.

Hy het 'n hart van goud en help om die Elandsfontein gemeenskap op te hef deur hulle te leer hoe om hul lande te plant en te bewerk. Hy voorsien ook klere en sporttoerusting aan behoeftige kinders by die nabygeleë Rodora Primêre Skool.

As lid van die Graan SA 500 Ton Klub, beoog Simon om weg te stap met die titel, 2017 Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar.



Vuyani Lolwane – Noordwes

As 'n baie jong seun, was Vuyani se gunsteling tye toe sy pa hom saamgevatt het na boeredae en studiegroep byeenkomste. Sy pa was 'n bestaansboer en hulle het in die Bapong dorpie op Gelukspan gewoon.

Hy het Graad 12 in 2003 geslaag en van 2005 tot 2010 vir die SANW gewerk. Ongelukkig is Vuyani se pa oorlede en hy het in 2011 voltyds 'n boer geword. Vuyani besit nou die plaas Klippan en huur ook grond op Lareystryd.

Vuyani plant droëland, sowel as besproeiings mielies en koring, sonneblom, droëbone en gars. Hy is al jare lid van Graan SA en woon aktief boeredae en studiegroepvergaderings by en het ook verskeie opleidingskursusse voltooi.

Sy planne vir die toekoms sluit in diversifikasie en om baat te vind by wat hy doen, deur deel te word van die hele waardeketting. Hy praat oor 'n voerkraal, 'n slaghuys, voedselverwerkingseenhede en uitvoere na Botswana en Lesotho.

In 'n land waar die gemiddelde ouderdom van boere ouer as 60 is, is hierdie toegewyde jongman getrou aan die bedryf en 'n uitstekende voorbeeld vir ander voornemende jong boere.

Ontmoet ons genomineerdes vir 2017 (Deel 2) – Nuwe Era Kommersiële genomineerdes



Edwin Thulo Mahlatsi – Vrystaat

Edwin is 'n gebore boer. Hy het gewerk en gewoon op dieselfde plaas waar sy ouers vir die grootste deel van sy lewe gewerk het en as gevolg van die goeie verhouding tussen hom en sy werkgewer, het laasgenoemde hom gehelp om 'n plaas in 2012 te koop.

Die plaas Swartlaagte is vir Edwin aangekoop van Frikkie Rautenbach deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming se PLAS stelsel. Frikkie het Edwin ook 'n trekker en implemente gegee en hom gehelp met insette. Die verstandhouding was dat Edwin oor die volgende paar jaar die koste hiervan sou afwerk.

Ongelukkig is Frikkie in 2014 oorlede en die implemente wat Edwin gebruik het, moes teruggaan na die landgoed. Edwin is gelaat sonder inkomste, geen implemente en geen produksiekapitaal nie.

In 2014 het hy lid geword van Graan SA se Boere Ontwikkelingsprogram en het hy by die Bothaville Studiegroep aangesluit en boeredae en opleidingskursusse bygewoon. Graan SA het hom bekendgestel aan nuwe tegnologie, insetverskaffers en finansiële instellings – dit het sy lewe verander. Ten spyte van die droogte in 2015/2016, kon Edwin 250 ton mielies oes en met die versekeringsuitbetaling op die hael-skade, het hy verlede jaar meer as een miljoen rand verdien.

Met die hulp van Graan SA, het Edwin vir homself 'n splinternuwe Isuzu bakkie gekoop – die eerste nuwe voertuig wat die 75 jarige man ooit besit het!

Potensiële Kommersiële genomineerdes



Tebalo Elias Makubo – Vrystaat

Tebalo is 'n slim, hardwerkende jong man wat sy kwalifikasies suksesvol behaal het en in die korporatiewe wêreld gewerk het voordat hy in 2010 by sy pa aangesluit het op die familieplaas naby Kestell.

Hy wou altyd 'n boer word en vir twee jaar het sy pa hom alles geleer wat hy van boerdery geweet het. Sy pa het hom ook geleer om sy drome na te jaag en in 2013 het hy van sy pa 'n

gedeelte van die grond gehuur en die verbouing van die kontantgewasse oorgeneem.

In 2012 het Tebalo by die Graan SA Boere Ontwikkelingsprogram aangesluit en hy is 'n aktiewe lid van die Kestell Studiegroep. Hierdie jong man het merkwaardig ontwikkel onder die mentorskap van die toegewyde Graan SA-span. Hy verbou mielies, koring, soja en droëbone op 130 ha bewerkbare grond en het sy opbrengs aansienlik verbeter sedert hy lid geword het.

Tebalo is uiters positief oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika en beskou landbou as 'n manier om ons land te genees. Hy waarsku dat honger mense altyd kwaad sal wees.



Tshediso Daniel Maqala – Vrystaat

Or die afgelope drie jaar het 55 jarige Tshediso ontwikkel van 'n boer wat skaars 615 ha gehad het, tot vanjaar wat hy meer as 500 ton graan geproduseer het.

Hy is op 'n plaas gebore en grootgeword en het op dieselfde plaas 'n plaaswerker geword toe sy pa dood is en hy net 15 jaar oud was. Tshediso het boerdery geassosieer met swaarkry en daarom het hy probeer om 'n beter lewe te maak deur sy bestuurslisensie te kry en as drywer te werk.

Hy het altyd gedroom daarvan om sy eie grond te besit en in 2005 het dit vir hom 'n werklikheid geword toe hy die 197 ha plaas Kosmos, in die Ficksburg-distrik gekoop het. Hy het ook deur die PLAS program die 326 ha Die Hoop plaas verkry en het nou toegang tot meer as 200 hektaar bewerkbare grond.

Boerdery het nie maklik vir Tshediso gekom nie. Hy het jare lank gesukkel totdat hy in 2014 by Graan SA aangesluit het. Hy het studiegroepe en boeredae bygewoon en sy nuutgevonde kennis het hom gehelp om 168 ton koring in 2017 te lewer. Tshediso het die potensiaal om vanjaar te kwalifiseer vir 'n 250 of selfs 'n 500 Ton Klub sertifikaat.



Paul Mvelekweni Malindi – Vrystaat

Landbou was altyd in die bloed van die 48 jarige Paulus. Hy het grootgeword op 'n plaas waar albei sy ouers as plaaswerkers gewerk het. In 2012 het Paulus die geleentheid gekry om terug te keer na die grond. Hy het die 441 ha plaas Dankbaar, naby Edenville, deur PLAS verkry.

In dieselfde jaar het Paulus by Graan SA se Boere Ontwikkelingsprogram aangesluit en was een van

die stigterslede van die Edenville Studiegroep. Dit het Paulus 'n paar jaar geneem om te beseft dat daar nie kortpaaie in landbou is nie en dat dinge reg, of glad nie gedoen moet word nie.

Hy huur nou grond om sy vee te laat wei en het 140 ha sonneblom en 180 ha mielies hierdie seisoen geplant. Sy aktiewe betrokkenheid by die studiegroep en die bywoning van boeredae het 'n groot invloed op hom gehad. Paul gebruik nou die kennis wat hy verwerf het en is trots daarop om 'n suksesvolle boer te wees.

Paulus se eerste prioriteit is om te sorg vir sy familie en werkers. Hy glo in sy eie vermoëns en die toekoms van die Suid-Afrikaanse landbousektor.



Khovhogo Philemon Manenzhe – Vrystaat

Ahoewel Philemon in 'n informele nedersetting op Sasolburg gebore is, het hy grootgeword in Venda, waar hy saam met sy grootouers gewoon het. Dit was daar waar hy geleer het dat 'n mens 'n goeie lewe uit landbou kan maak as jy hard werk op die grond en God die reën gee.

Hy het Graad 12 geslaag en teruggekeer na Sasolburg om sy tersiêre opleiding te voltooi. Nadat hy 'n paar jaar by Sasol gewerk het, het Philemon sy eie konstruksie maatskappy begin. Hierdie man, met die skerp besigheidsin, het al-

tyd sy spaargeld belê in spekulasie met beeste. Hy het altyd geweet dat hy eendag op een of ander manier sy eie grond sal hê waar hy sy gewasse kan plant en sy beeste kan laat wei.

In 2010 het Philemon se droom 'n realiteit geword en is die plaas Birmingham in die Sasolburg-distrik aan hom toegeken. Die plaas bestaan uit 665 ha waarvan 360 ha goeie potensiaal bewerkbare grond is. Omdat hy geen toerusting en min kennis gehad het, het hy begin met die verhuring van sy bewerkbare grond op 'n "deel van die oes" basis aan 'n buurman, Louis Claassen.

In 2014 het Graan SA 'n studiegroep op Deneyville begin en Philemon het dadelik aangesluit. As aktiewe lid het hy verskeie opleidingskursusse en boeredae bygewoon. As gevolg hiervan kon hy vanjaar 120 hektaar mielies op sy eie plant en die oes lyk inderdaad belowend.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebe
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthomboti
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 650 9315 ◀ graeme@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Sydwell Nkosi

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebe
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Ontmoet ons genomineerdes vir 2017 (Deel 2) – Potensiële Kommersiële genomineerdes



Doki Isaac Moleleki – Noordwes

Hy huur 416 ha bewerkbare grond op die plaas Klippan. Voorheen het hy min sukses gehad met sy gewasse as gevolg van gebrek aan kennis en baie droë toestande. Isak se finansierder het hom verlede jaar aan Graan SA bekend gestel en hy het dadelik aangesluit en lid geword van die Vruchgewacht 28 Studiegroep.

Hy het vanjaar 106 ha droëland mielies en 310 ha sonneblom geplant en met die goeie reëns sien Isaac uit om sy beste opbrengs ooit te lewer. Hierdie man droom daarvan om 'n suksesvolle kommersiële boer te word en 'n goeie opvoeding aan sy kinders te bied.

4 6 Jarige Isak is gebore en grootgeword in die Mogosane dorpie naby Mafikeng. Hy het sy liefde vir die grond geërf van sy oupa, dieselfde man wat Isak aangemoedig het om betrokke te raak by landbou.



Ruben Mothlabane – Vrystaat

ondersteuning en toerusting, het Ruben verplig om in vennootskap met 'n plaaslike boer te gaan en sy grond vir 'n vooraf bepaalde deel van die oes te verhuur.

Terwyl hy in vertroue en kennis groei, is sy plan om meer en meer van sy grond terug te neem om op sy eie te bewerk. Ruben poog om in die nabye toekoms sy eie gewasse te plant en die plaas 'n volhoubare, finansiële lewensvatbare en winsgewende kommersiële entiteit te maak.

Ruben is sedert 2012 lid van Graan SA en woon die maandelikse studiegroepvergaderings van die Bultfontein studiegroep ywerig by. Hy het talle opleidingskursusse voltooi en sal beslis baie gou ontwikkel tot 'n volwaardige kommersiële boer om mee rekening te hou.

Ruben het op sy oom se plaas gewerk nadat hy Graad 12 suksesvol voltooi het en 'n diploma in Sakebestuur behaal het. Hy het alles geleer wat sy oom hom kon leer en vir 'n paar jaar gewerk terwyl hy uitgekyk het vir 'n eie plaas.

In 2011 het hy by PLAS aansoek gedoen vir die plaas Kalkpan in die Bultfontein-distrik. 'n Gebrek aan produksiekapitaal,

Hierdie genomineerdes is in geen spesifieke volgorde nie.

Artikel verskaf deur Hanlie du Plessis, Vryskutskrywer. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na hanliefduplessis@telkomsa.net.

HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONTLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST